ecsponent
Belê met die tye

ecsponuus

Nuusbrief | Julie **2017**

Uitstekende finansiële resultate

Ecsponent Limited (Ecsponent) het, ondanks onbestendigheid in plaaslike en internasionale markte, sterk finansiële resultate vir die vyftien maande verslagdoeningstydperk tot 31 Maart 2017 vrygestel.

Dit is die sesde agtereenvolgende jaar dat dié finansiële dienstegroep in Afrika drie-syfer groei in sy sleutelprestasiegebiede behaal het.

Al drie strategiese sake-eenhede het aansienlike groei getoon en 'n reeks transaksies het die groep se sakefokus verder verfyn.

- Inkomste het tot R321,8 miljoen gestyg, vergeleke met R144,7 miljoen in die vergelykende tydperk.
- Bedryfswins het tot R229,2 miljoen toegeneem, teenoor R44,4 miljoen in die ooreenstemmende tydperk.
- Verdienste per aandeel (VPA) het tot 8.38 sent per aandeel, vergeleke met 2.59 sent per aandeel oor die vorige tydperk.

"Ons groei kan toegeskryf word aan die volgehoue prestasie van ons kernbesigheidseenhede: Investment Services (insluitend kapitaalverkryging), Business Credit en Equity Holdings. Hierdie kernbesigheidsbates het deurgaans tot die wins van Ecsponent bygedra. In teenstelling daarmee het die besighede wat die groep uit die portefeulje verkoop het, of besig is om te verkoop, slegs 4% tot die bedryfswins bygedra," sê Terence Gregory, uitvoerende hoof van Ecsponent.

Investment Services het sy eksponensiële groei gedurende die tydperk voortgesit. Voorkeuraandele, uitgereik onder die maatskappy se JSE-goedgekeurde Voorkeur-aandeleprogram, het vanaf R230 miljoen in 2015 tot R807,8 miljoen in 2017 toegeneem. In Swaziland het 'n soortgelyke leningsprogram R70,7 miljoen ingesamel. In hierdie tydperk is ook R127,3 miljoen aan voorkeuraandeelhouers as dividende betaal.

Wat sy besigheidskredietbedrywighede betref, het Ecsponent sy kleinhandelkredietbedrywighede verkoop en vervang met veilige sakekrediet aan klein en medium ondernemings (KMO's), asook ondernemingsfinansiering. Hierdie bedrywighede se rentekoersinkomste het tot R232,3 miljoen in die oorsigtydperk toegeneem. "Ondernemings- of KMO-ontwikkelingsfinansiering het R31 miljoen van hierdie inkomste bygedra – 'n aangename aanvangsresultaat. Ecsponent Procurement Services (EPS) het ook 'n inkomste van R30,6 miljoen tot die groep se resultate bygedra," sê Gregory.

Laastens is Equity Holdings gedurende die oorsigtydperk aansienlik versterk met die verkryging van 10% van die uitgereikte aandelekapitaal in MyBucks SA, 'n Fintech-onderneming met krediet-, bank- en versekeringsprodukte in Luxemburg. Dit is genoteer op die Frankfurt-beurs. Die groep se afset van sy Biotegnologie-onderneming het tot R32,2 miljoen toegeneem. Hierdie groei spruit voort uit kontrakte uit die vorige verslagtydperk wat nou leidrade vanaf mediese fondse en aptekersgroepe kry.

Die groep se belegging in die media-intelligensiebesigheid, Return on Innovation, het volgehoue groei getoon en sterk deurbrake is gemaak in die media-nismarkte. Die maatskappy het R10,3 miljoen tot die wins van die groep bygedra.

"Terwyl ons trots is op die groep se volgehoue driesyfer-groeiresultate, kon dit nie gebeur het sonder die duidelike doelwitte wat ons vir elk van ons strategiese sake-eenhede gestel het nie.

"Investment Services brei ook sy produkreeks aansienlik uit deur interne ontwikkeling, asook strategiese vennootskappe met gerespekteerde verskaffers van finansiële dienste. Besigheidskrediet verhoog weer sy aanbod wat ondernemingsontwikkeling betref en die aandele-onderneming het 'n teiken om verdere sinergie en winsgewende verkrygings in die loop van die jaar te behaal," sê Gregory.

Daarbenewens word George Manyere, deur sy plaaslike batehouermaatskappy, Mason Alexander, die hoofaandeelhouer van Ecsponent. In dié hoedanigheid het Manyere ingestem om die posisie van die adjunk-voorsitter op die direksie te aanvaar.

"Ons is bevoorreg om iemand met sy internasionale ervaring en aanvoeling vir besigheid te hê. Ek sien daarna uit om saam met hom te werk en die bydrae wat hy ongetwyfeld sal lewer. Dit was 'n beduidende tydperk vir ons en een wat nie bereik kon word sonder die toewyding van ons bestuurspan, nie-uitvoerende direkteure en ons werknemers nie, "sê Gregory.

"Ons groei kan toegeskryf word aan die volgehoue prestasie van ons kernbesigheidseenhede."

Terence Gregory
Hoof Uitvoerende Beampte
Ecsponent Beperk

Mites oor beleggings

Beleggers word so maklik mislei deur vals "waarhede" en mites wat uiteindelik hul welvaart kan pootjie.

Dit is daardie konvensionele "wyshede" of sieninge wat mense graag wil glo omdat almal dit glo. So het die hele mensdom eeue lank geglo die aarde is plat en die middelpunt van die heelal. Selfs dokters het enkele dekades gelede 'n dampie geslaan as pasiënte ondersoek word, omdat rook jou laat ontspan en dus goed vir die gesondheid was! Natuurlik is die aarde toe al die tyd nie plat nie en rook is die grootste oorsaak van kanker wat tot jou dood kan lei.

Ou persepsies en "wyshede" word opgedis en boonop geglo, ondanks onbetwisbare feite wat die teendeel bewys, soos:

Om op die aandelebeurs te koop is soos dobbel. Vals. Aandele klop ander bateklasse oor dekades.

Jou woonhuis is 'n belegging. Vals. Huise se waarde groei selde met meer as inflasie en daar is baie uitgawes en risiko.

Jy is te jonk/oud om te belê. Vals. Hoe jonger hoe beter, want saamgestelde groei skep welvaart oor tyd.

Spaar is 'n belegging. Vals. Jy moet jou spaargeld belê om meer geld oor tyd te skep.

Jy kan net belê as jy baie geld het. Vals. Vele klein beleggings maak saam 'n groot belegging en skep welvaart.

Tradisie

Familie en tradisies handhaaf dikwels konvensionele onwyshede soos "my oupa en pa het geld gemaak met eiendom en dit is waar ek vandag al my geld insit." Dit ten spyte van die belegging se ware prestasie.

Net so kleef mense dikwels 'n finansiële adviseur of maatskappy/versekeraar aan ten spyte van swak diens en prestasie, want die familie het altyd daardie betrokke adviseur of maatskappy gebruik en hulle kan nie verkeerd wees nie.

Die beleggingsbedryf het oor jare ook met verskeie mites 'n valse sin van veiligheid, doelbewus of nie, onder beleggers geskep. Dit is veral ingespan om mededingers en innoverende denke verdag te maak.

Kies groot name

In die verlede het beleggers staatgemaak op die groter maatskappye se kennis en ervaring om namens hulle te belê. Deesdae is beleggers ingelig met toegang tot gesofistikeerde inligting wat hulle kan help om gepaste beleggingskeuses te maak.

Dus is dit nie vir alle beleggers die regte keuse om hulle te laat lei deur hierdie reuse nie. Daar is in teendeel baie beleggers wat verkies om te belê in maatskappye wat nie gebuk gaan onder die burokrasie van groot ondernemings nie, vinnig op marktoestande kan reageer en wat hul bate allokasie optimaal kan aanwend na gelang daarvan kan aanpas.

Geduld! Die mark sal herstel

Markte herstel gewoonlik maar die tyd om te herstel behels dikwels geleentheidskoste om net weer gelyk te breek.

Beleggers wat pro-aktief is en betyds defensiewe besluite neem is die beleggers wat ware welvaart skep as die mark weer begin herstel.

Te goed om waar te wees

Hoewel daar sonder twyfel riskante beleggings is, waar niemand hul geld moet plaas nie, is dit soms 'n taktiek wat ingespan word om nuwe, gesonde mededinging uit te skakel.

Dit het ongelukkig 'n sterk negatiewe invloed op die beleggingsbedryf, want dit saboteer die groei van nuwe, belowende produkte en demp kreatiwiteit, inisiatief en vindingrykheid.

Skop soms teen die konvensionele

Verbreed jou horisonne en vul jou portefeulje aan met 'n verskeidheid van groeigeleenthede. Voorkeuraandele van Ecsponent is 'n belegging wat vaste inkomste- en kapitaalgroeikoerse aanbied. Dit is genoteer op die JSE en is nie wisselvallig soos konvensionele effektetrusts nie.

Dit is onkonvensioneel wanneer mens dit met effektetrusts vergelyk, MAAR bied 'n beleggingsopsie aan mense wat gemoedsrus en veiligheid soek – met 'n VASTE kapitaalgroeikoers van 11.2% per jaar wat nie sommer deur alledaagse effektetrusts geklop kan word nie.

Het jy geweet?

Goud word dikwels as 'n "veilige hawe" beskou wanneer daar kommer oor die ekonomie is. Sedert 1926 het goud 'n na-belaste opbrengs van net 1% pj getoon wat baie swak is vergeleke met effekte en aandele se opbrengste.

Suid Afrika: info@ecsponent.com • 087 8080 100
Eerste Vloer, Acacia House, Green Hill Village Office Park, H/v Botterklapper & Nentabosstrate, Die Wilgers, Pretoria
Swaziland: swaziland@ecsponent.com • +268 2417 1616 • 7 The Gables, Ezulwini, Swaziland
Botswana: botswana@ecsponent.com • + 267 391 8756 • Sesde Vloer, Exponential Building, Plot 54351, New CBD,Gaborone
Hierdie inhoud is uitsluitlik voorsien ter inligting en moet nie as beleggingsadvies geag word nie.

ecsponent.com